

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

CHIPS

VOL 35 NO 05 • NOVEMBER / DECEMBER 2021

**CERES/KOUE BOKKEVELD-
KULTIVARPROEF ONDER BESPROEING:
DONKERBOS 2020/2021**

**EMPANGENI INFORMATION DAY
A SPUD-TACULAR
LEARNING EXPERIENCE**

**Die GeoFarmer-platform
maak monitering maklik**

**Stuit Alfalfa-mosaïekvirus
in sy spore**

**Potato product exports:
A twelve-month snapshot**

drieledige beskerming teen *Lepidoptera*




hoogs aktief

Trippel meganisme van aktiwiteit waarborg effektiewe en langdurende werking met minder toedienings, wat tyd en geld spaar



eierdodende aktiwiteit
verhoed dat eiers uitbroei



beïnvloed
voortplantingsvermoë
wyfies lê steriele eiers en
verhoed 'n volgende
generasie




larfdodende aktiwiteit
meng in met die
vervellingsproses



betroubaar

Effektief ongeag die weer en beheer ook individue wat weerstandbiedend is teen organofosfate, karbamate en piretroïede




selektief

SORBA werk hoofsaaklik met
inname en is dus veilig vir
voordelige insekte



LEES DIE ETIKET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.
SORBA® bevat lufenuron (Reg. nr. 15343, Wet 36 van 1947) VERSIGTIG.
SORBA® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @SyngentaSA | www.syngenta.co.za



HARVEST GROUP

When only the best will do

New and well researched potato bag, offering a new alternative to traditional paper bags for packaging potatoes.



ADVANTAGES

- Water resistant
- Recyclable
- Very strong
- Integral handle
- Enhances the shelf life of potatoes
- Can also be made to be biodegradable.




CONTACT DETAILS
www.harvestbags.co.za
info@harvestbags.co.za
012 546 6499



Aartappels SA op die langpad

Deur Willie Jacobs, HUB van Aartappels SA



As die onlangse inligtingstoer van Aartappels SA (ASA) enigsins as 'n aanduiding moet dien van die betrokkenheid en verbintenis wat plaaslike aartappelprodusente tot hul bedryf toon, is ons beslis op 'n goeie plek. Hoewel nog in sy kinderskoene, het die eerste rits besoeke van die inligtingstoer twee dinge duidelik gemaak: ons bedryf staan sterk, en ons produsente is die sout van die aarde.

Die hoofartikel in hierdie uitgawe fokus reeds op die sake wat hoog op die toer se agenda was, en daarom gaan ek nie op daardie besprekings uitbrei nie. Waarop ek graag wil fokus, is die gees van ons bedryf, want uiteindelik is dit die faktor wat ons vorentoe gaan neem en ons produsente deur moeilike tye gaan dra.

Oud en jonk groei saam

Die eerste ding wat my opgeval het is die wonderlike ouderdomsverspreiding van ons bedryfsrolspelers: die inligtingsdae is deur oud en jonk, gevestig en nuut, bygewoon. Dit is goeie nuus vir enige bedryf, want dit spreek van groei asook mentorskap. Die aartappelbedryf is geseënd in hierdie opsig en dit is 'n voordeel wat ons met beide hande moet aangryp.

Geen bedryf kan oorleef sonder nuwe bloed wat deur jare se wysheid gelei word nie. Hopelik kan ASA sy rol hierin behoorlik sement deur die res van die jaar en aanstaande jaar

se inligtingsdae wat nog kom – ons doel is immers om in te lig en by te staan.

“Geen bedryf kan oorleef sonder nuwe bloed wat deur jare se wysheid gelei word nie.


'n Verdere aspek wat my laat regop sit het, was ons produsente se ongelooflike deursettingsvermoë en die gees waarmee moeilike omstandighede aangepak word. Ons land het baie uitdagings, maar droogte en wispelturige weersomstandighede is sleutelfaktore wat die kameel se rug kan breek. By baie van hierdie vergaderings het ons gehoor hoe produsente swaar trek, maar moed hou en planne maak. Hulle is vooruitstrewend en gehard, en beweeg vorentoe.

Dit is ook baie verblydend om te sien en te hoor dat ASA

se deurlopende navorsing en tegniese inligting oor kultivars en aanplantings deur hierdie gemeenskap omarm en toegepas word.

ASA gaan digitaal

Soos wat daar in heelwat mediaberigte verklaar is, gaan ASA sy energie daarop fokus om geïdentifiseerde tekortkominge so spoedig as moontlik aan te spreek. Dit sluit onder andere in die beperkte kommunikasie tussen ASA-personeel en die groter porsie van ons bedryfsdeelnemers en produsente, asook meer intydse beskikbaarstelling van alle relevante kennis en inligting wat na vore kom, soos en wanneer dit versorg en geverifieer is.

'n Klein voorsmakie daarvan sal eersdaags aan die lig kom soos ons gemaklik raak met die akkuraatheid van die voorstellings op ons nuwe platform ... Kyk solank uit vir die Potatoes SA-ikoon in die App Store en op Google Play. Daar sal later meer kennisgewings hieroor uitgestuur word. 

REBELO

AGRICULTURAL GROUP

WORLD CLASS POTATO

AND ONION EQUIPMENT

NICHOLSON
Machinery Ltd

QUALITY POTATO AND

ONION PACKAGING

Sorma Group

EXCELLENT PARTS & SERVICES

Ferrari
COSTRUZIONI
MECCANICHE

STRUIK
SINCE 1934

FORIGO
roteritalia

agricola italiana
PNEUMATIC PRECISION SEED DRILLS

Machinery and Parts:

Jose Rebelo - 082 716 1664

Richard Rule - 072 525 9047

Miguel Rebelo - 079 500 3467

www.rebelo.co.za

info@rebelo.co.za

Packaging and Consumables:

JHB Branch- 011 613 7438

Tarlton Branch - 071 331 1990

Food security: A concept not to be taken lightly

Food security is a term that has been receiving a lot of attention over the past few years. There are several definitions for the phrase. A decade ago, approximately 200 definitions of 'food security' could be found in published writings. The term emerged in the 1970s when discussions focussed on issues ranging from food supply and access to food prices, and famine, as well as focussing on penning a fixed definition of food security.

An adequate definition

During the 1970s and 1980s, this definition changed from "availability at all times of adequate world food supplies of basic foodstuffs to sustain a steady expansion of food consumption and to offset fluctuations in production and prices", to "ensuring that all people at all times have both physical and economic access to the basic food that they need", and later to "access of all people at all times to enough food for an active, healthy life".

In 1916, the World Food Summit adopted a more complex definition, which was refined again in 2001 to read: "Food security [is] a situation that exists when all people, at all times, have physical, social and economic access to sufficient, safe and nutritious food that meets their dietary needs and food preferences for an active and healthy life".

What it boils down to

Ultimately, we should ask ourselves what food security comes down to when all the definitions

are stripped down to their basic meaning. In my mind, it is quite simply the ability to put food on the table every day – whether it is produced and supplied by someone else or by oneself.

Given the realities of the times we live in, it seems almost impossible that we will be able to reach a state of food security at any point. There has not been a time in the history of mankind when food security has ever existed globally. Neither has mankind been able to make any progress in getting the world's population to embrace more nutritious food as a global lifestyle. The latter is proven by statistics showing that what is perceived as hunger and malnutrition, is in fact often undernourishment.

Food security is certainly also a concept that is in the eye of the beholder. For some, it might indicate the ability to obtain any kind of food every day; for others, it might entail healthy, fresh food rather than just any food. It might also be related to culture and honouring religious beliefs which exclude certain foods and must include other foods; and for many it relates to the availability of certain foods at certain times.

The work done at Potatoes SA along with its co-workers, can easily be described as all-encompassing in terms of addressing the issue of food security: it covers everything from production, the supply chain, and markets, to empowering smaller farmers to produce better, and last but not least, the consumption of healthy potatoes.

The November/December issue of *CHIPS* covers all of these aspects and is testament to the significant role that potatoes can play in food security across the world.

Lynette Louw, editor
lynette@plaasmedia.co.za



Bydraers in hierdie uitgawe:

Aartappels SA: Willie Jacobs, dr Fienie Niederwieser, Immaculate Zinde, Janó Bezuidenhout, FP Coetzee, Chantel du Raan, Louis Pretorius, Enrike Verster, Herman Haak, Nomvula Xaba, Masabatha Motsoeneng en Rotondwa Raligidima.

Ander bydraers: Prof Marin Steyn, Universiteit van Pretoria, Isobel van der Stoep, Isowat Consulting, Jamie Jansen van Vuuren, Aartappelsertifiseringsdiens, Carmen Rensburg en Jacquie van der Waals, Universiteit van Pretoria, dr Jacques van Zyl, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Chris Barnard, Besproeiingsakademie, Stephan Fourie, produsent, dr Gerhard Verdoorn, Roleen la Grange en Desirée van Heerden, CropLife SA, Anneline Scriven, LWO Werkgewersorganisasie, VDT Prokureurs en Prokon.

EDITORIAL COMMITTEE

Executive editor

Hanrie Greebe
076 116 7206
hanrie@potatoes.co.za

Editor

Lynette Louw
084 580 5120
lynette@plaasmedia.co.za

Publisher

Plaas Media (Pty) Ltd
217 Clifton Ave, Lyttelton, Centurion
Private Bag X2010, Lyttelton, 0140
Tel: 012 664 4793
www.plaasmedia.com

Deputy editor

Jayne du Plooy
jayne@plaasmedia.co.za

Sub-editors

May Nel
may@plaasmedia.co.za

Lize du Toit
lize@plaasmedia.co.za

Layout & design

Annemie Visser
annemie@plaasmedia.co.za

Sales manager & accounts

Marné Anderson
072 639 1805
marne@plaasmedia.co.za

Advertising

Karin Changuion-Duffy
082 376 6396
karin@plaasmedia.co.za

Susan Steyn
082 657 1262
susan@plaasmedia.co.za

Esmarie Moodie
076 330 0745
esmarie@plaasmedia.co.za

Rowena Simmons
079 568 6025
rowena@plaasmedia.co.za

Juan de Villiers
060 508 3188
juan@plaasmedia.co.za

Subscriptions

Beauty Mthombeni
064 890 6941
beauty@plaasmedia.co.za

Printed and bound by

Typo • +27 11 402 0571

CHIPS, Plaas Media and its staff and contributors do not necessarily subscribe to the views expressed in this publication.

© Copyright: No portion of this magazine may be reproduced in any form without the written consent of the publishers.

Published on behalf of

Potatoes SA
012 349 1906
6 De Havilland Crescent,
Perseus Techno Park,
Perseus Park, Pretoria
www.potatoes.co.za

To subscribe

CHIPS is the official magazine of Potatoes South Africa.

It aims to address issues that are relevant to the potato industry. To subscribe, please contact Beauty Mthombeni at 064 890 6941 or email beauty@plaasmedia.co.za.

Subscriptions are free.



INHOUDSOPGAWWE TABLE OF CONTENTS

Topical • Aktueel / Regulatories • Regulatory

- 02 Preface / Voorwoord
- 04 Redakteursbrief / Editor's note
- 06 Potato news / Aartappelnuus
- 08 ASA hou suksesvolle inligtingstoer

Industry information • Bedryfsinligting

- 12 Markmonitor: Die eerste 39 weke van 2021 op varsproduktemarkte
- 17 Die GeoFarmer-platform maak monitoring maklik
- 20 Vergelyking van verskillende besproeiingstelsels: Deel 1

Research • Technical / Navorsing • Tegnies

- 33 Practical irrigation course: Water smarter
- 37 Stuit Alfalfa-mosaïekvirus in sy spore
- 43 Grondorganismes as aanwysers van grondgesondheid
- 46 Proactive research into *Tuta absoluta* to reduce risk
- 51 Ceres/Koue Bokkeveld-kultivarproef onder besproeiing op Donkerbos
- 62 Oos-Vrystaatse kultivarproef onder besproeiing op Oranjeville
- 70 Resistance management in the control of potato tuber moth
- 72 Treatments for *Spongospora subterranea* f. sp. *subterranea*
- 76 Wat op aarde? Deel 5: Donker kurkagtige letsels

Transformation • Transformasie

- 81 PSA bursary recipient reaches for new heights
- 82 Empangeni information day a spud-tacular learning experience
- 84 Developing farmer experiences true transformation with PSA

Marketing • Bemarking

- 86 Potato product exports: A twelve-month snapshot
- 88 Heart-healthy habits with potatoes
- 90 From soil to plate: Potatoes, beef and mixed vegetables potjie

General • Algemeen

- 91 Important dates on the labour law calendar
- 92 Prokon News / Prokon-nuus
- 96 Rights relating to graves on farms

ADVERTISERS / ADVERTEERDERS

Syngenta	Inside front cover
Harvest Group	01
Rebello Agricultural Group	03
Subtropico	11
RSA Aartappelsaad Beurs	15
Valtrac	16
Introlab	22
Bayer Velume	26
Stoller	29
HelloChoice	30, 31
Siza	32
Dormas	35
Corteva	36, 48, 49
First Potato Dynamics	41
AECI Plant Health	42
Nutrico	45
InteliGro	47
ICA International Chemicals	50
SQM Africa	58
Wesgrow	60, 61
Oro Agri	68, 69
Philagro	77
Haifa	78, 79
Uniekum	78
Progression	80
Afrikelp	89
APAC	94
GWK	Back cover



Disclaimer: The views and information contained in these news pages do not represent that of Potatoes SA, Plaas Media, or their affiliates.

Merger between industry giants

Andermatt Madumbi sees two organisations with a shared vision partnering for a better future. Madumbi Sustainable Agriculture has been committed to serving South African growers with access to biorational solutions.

It is on these solid foundations and through a united goal of influencing food production locally, throughout Africa and across the globe, that Madumbi recently joined forces with Swiss company Andermatt Biocontrol. With more than 30 years in the biological industry and as global leaders in virus technology, Andermatt Biocontrol has an extensive footprint of subsidiaries across the globe.

Michelle Lesur, Andermatt Madumbi CEO, says: "Innovation will continue to be key in our approach to tackling complicated environmental and social challenges both globally and locally. In moving forward, we bring together the precision of the Swiss clock with the heartbeat of the African drum." – *Press release, Andermatt Madumbi*

AI app to include potato diseases

Because potato growers need to identify and manage diseases in their fields, the AI-powered mobile app, PlantVillage Nuru, has been expanded to also include diseases. More than two million farmers in East Africa who depend on potatoes, will be able to point their smartphones at a plant and receive an instant disease diagnosis through the PlantVillage Nuru app.

Initially, the app was designed to be twice as good as extension workers in East Africa in diagnosing cassava diseases and has been a major help to cassava farmers.

With support from the Consultative Group on International Agricultural Research's (CGIAR) Research Program on Roots, Tubers, and Bananas (RTB) and the CGIAR Platform for Big Data in Agriculture, PlantVillage Nuru has been expanded to include potato late blight (*Phytophthora infestans*) and early blight (*Alternaria solani*). – *Potato News Today*

Kenya set to boost potato production

The Kenya Agricultural and Livestock Research Organisation (KALRO) is focussing on a high-quality potato seed production and distribution deal with the Syngenta Foundation, hoping to increase production five-fold, to ten million tons a year.

The deal involves increasing high-quality certified potato seed availability to farmers by 25% through rapid multiplication, increased field seed bulking, and capacity building of commercial seed growers. A key target is increasing local potato sales at high-end chain restaurants in Kenya. – *Fresh Plaza*

Korkom sê dankie

Terence Brown is onlangs tydens Korkom se algemene jaarvergadering vereer vir sy jarelange diens tot Ceres se aartappelbedryf. Brown het 'n passie vir atletiek, maar het vir 46 jaar ook sy ander passie, aartappelproduksie, uitgeleef.

Brown was vir twaalf jaar by die Departement van Landbou, en vir 34 jaar by beide die Aartappelraad, wat later vervang is deur Aartappels Suid-Afrika (ASA), betrokke. Hy was ook vir 26 jaar by Korkom en die Sandveldse Aartappelkwekersorganisasie (Sako) betrokke.

Die Korkom-bestuur en -produsente wens hom alle voorspoed toe en is dankbaar vir die insette wat hy oor die jare gelewer het. – *Persverklaring, Korkom*



Pieter du Toit (links), ondervoorsitter van Korkom, en Terence Brown, afgetrede streeksbestuurder van Aartappels SA.



Korkom se sertifikaat van vereering vir jarelange diens.

Bright future for fresh produce market

One of South Africa's best established fresh produce markets has received a big investment boost. The Qonce Fresh Produce Market has a 25-year history as a key Eastern Cape agri trade zone. One of the country's leading fresh produce sales organisations, RSA Group, recently invested in the facility (formally known as the King William's Town Fresh Produce Market) with the intention of expanding the scope and quality of its offering.

"The essentials are still very much in place," says Luan Wentzel, managing director, RSA Group Eastern Cape. "The same management team will continue to run the facility. The goal is to build on an already well-established and successful operation to add more business value for producers, buyers and consumers." – *Press release, RSA Group*

Carbon neutral potatoes a UK first

Puffin Produce in Wales has added a new iconic product to supermarket shelves with the launch of the United Kingdom's (UK) first carbon neutral potato. Root Zero planet-friendly potatoes are grown in Pembrokeshire by Puffin Produce, and have been launched at 200 co-op stores across the UK.

The spuds are certified carbon neutral and are grown using sustainable farming practices to remove carbon dioxide, create healthy soil, and increase local biodiversity. The company has measured every contribution to the potatoes' carbon footprint – from the power used on the farm to the transport used to take Root Zero potatoes to the supermarket, even down to customers cooking their spuds at home.

Huw Thomas, CEO of Puffin Produce, explains: "The food system contributes up to 30% of global greenhouse gas emissions. We have to act now, so we're on a mission to become carbon neutral and farm in a way that protects and regenerates our land, plants and wildlife."
– *Wales Farmer*

Frozen French fry production in China expands

China's frozen French fry production for their 2021/22 marketing year (MY) is forecast at 420 000 metric tons (MT), a 20% increase from the estimated 350 000 MT in MY 2020/21. This is according to a recent report by the United States Department of Agriculture Foreign Agricultural Service. A new frozen French fry production line will be put into production in MY 2021/22 in Inner Mongolia.

Frozen French fry consumption will increase at a moderate pace over the next decade, due to the continued urbanisation of China's rural areas, which brings greater exposure to frozen French fries and related products, along with an increasing number of fast-food restaurants opening in China.

The rapid development of food delivery service in China is also contributing to its consumption. The sale of frozen French fries at convenience stores, supermarkets and through online retailers is expected to increase exposure and allow for greater consumption. – *Potato Pro*

PMA launches sustainability tools

The Produce Marketing Association (PMA) launched their sustainability assessment and communication tools during a virtual media briefing. Ed Treacy, vice-president of supply chain and sustainability at PMA, and Siobhan May, director of communications and public relations at PMA, introduced South African role-players to the new tools.

The tools have been created to aid PMA members in telling their sustainability story, which can be divided into two parts: what do we have to say, and how do we say it. PMA offers two stand-alone tools, namely the assessment tool, which is meant to help members consider and capture all the ways they contribute to sustainability, and the communication guide.

The goal of the communication guide is to create a resource that can aid members in identifying their audience as well as creating meaningful outputs for those audiences. – *Ursula Human, CHIPS*

New potato variety is frost tolerant


Tubers have battled various scourges for about 10 000 years, as well as an unpredictable climate that can cause frost damage to crops. An international team of scientists created a new potato variety that resists frost, making the crop even more resilient. That's a good thing because potatoes have evolved into the world's third-most consumed food, following rice and wheat.

Researchers of the US Department of Agriculture's Agricultural Research Service and their partners from Peru and the University of Wisconsin-Madison's Department of Agriculture, spent several years evaluating potato species from the US Potato Genebank (USPG) for frost tolerance, ultimately selecting *Solanum acaule* and *Solanum commersonii* – both wild potatoes native to South America – because they showed the greatest ability to tolerate frost.

The team combined these two species and evaluated the hybrids, selecting some parents that both withstood snap frosts and developed tolerance to much colder frosts. – *Potato Pro*

Aartappelmarkte nou op Plaas TV

Vir produsente om kritiese produksiebesluite te neem, is dit noodsaaklik dat hulle op hoogte van marktdensense en -pryse bly. Daarom het Aartappels SA (ASA) en Plaas TV onlangs hande gevat om hierdie inligting nog meer toeganklik vir die aartappelprodusent te maak.

FP Coetzee en Janó Bezuidenhout, beide inligtingspesialiste by ASA, sal onder andere weeklikse en daaglikse pryse, daaglikse beskikbare voorraad, langtermyn marktdensense en verkope oor die provinsies op Plaas Media se aanlyn-televisieprogram, Plaas TV, deurgee. Die eerste episode is op 24 September uitgesaai en sal voortaan maandeliks op Plaas TV uitgesaai word. – *Elmarie Helberg, Plaas Media* 



Skandeer hierdie QR-kode om na die markverslag te kyk.

ASA hou suksesvolle inligtingstoer

Deur Izak Hofmeyr, Chris Jooste en Carin Venter, Plaas Media

Aartappels SA (ASA) het onlangs 'n inligtingstoer in die land se aartappel-produksiestreke geloods. Een van die doelwitte van die vergaderings was om aan produsente die geleentheid te bied om hul menings en motiverings te gee oor die voortsetting van die statutêre heffing. Die heffing werk oor 'n vier-jaar siklus, met die huidige siklus wat in 2023 tot 'n einde kom.

Volgens Willie Jacobs, ASA se hoof uitvoerende beampte, is die doel van die vergaderings kortliks die volgende:

- Om vas te stel of alle geaffekteerde partye tevrede is met die statutêre heffing, asook die beoogde verhoging daarvan.
- Om duidelike instruksies vanaf produsente te kry rondom essensiële waardetoevoegingsuitkomst.
- Om die data wat vanaf produsente

verkry is, te benut in die formulering van 'n besigheidsplan vir die volgende heffingsiklus.

Die vergaderings in Howick en Bethlehem was gekenmerk deur debatvoering en baie duidelike sienings oor hoe die pad vorentoe behoort te lyk. In beide gevalle het produsente egter hul ondersteuning gegee vir die proses en voortgesette skakeling oor die geleentheid. 'n Heffingsvoorstel is ook aan produsente oorgedra en behels 'n voorgestelde styging van die bestaande 2,210c/kg tot 2,290c/kg vir die 2022/23-tydperk; 2,370c/kg vir die 2023/24-tydperk; 2,450c/kg vir die 2024/25-tydperk en 2,529c/kg vir die 2025/26 tydperk.

Navorsing in die kollig

ASA befonds verskeie navorsingsprojekte tot voordeel van die aartappelbedryf. Die aartappeldag in Howick het 'n mini-navorsingsposium

ingesluit, waartydens terugvoer aan produsente gegee is oor die vordering van sommige van hierdie projekte.

Volgens dr Fienie Niederwieser, navorsingsbestuurder by ASA, het die eerste aanbieding by die simposium oor aartappelmot gegaan. Hierdie plaag, sê sy, is besig om te versprei na gebiede waar dit nie voorheen 'n probleem was nie, soos KwaZulu-Natal.

Daarna het twee aanbiedings oor aalwurmbesigheid gevolg. Aalwurm, verduidelik dr Niederwieser, is lankal met ons, en in die verlede was die meerderheid beheermaatreëls op chemiese behandeling gebaseer. Baie van hierdie chemiese middels word egter tans veral in Noord-Amerika en Europa van die mark onttrek as gevolg van die omgewingsimpak wat dit kan hê. Dit beteken dat daar na alternatiewe beheermaatreëls gekyk moet word.

"Geen van die alternatiewe maatreëls wat bestudeer word is op sigself so doeltreffend soos die chemiese middels nie," sê sy. "Dit beteken dat 'n holistiese benadering, wat 'n hele aantal maatreëls insluit, gevolg moet word. 'n Belangrike element in hierdie holistiese benadering is rotasieprogramme, wat dekgewasse insluit."

Daar is ook terugvoer gegee oor die resultate van kultivar-evaluasies, spesifiek vanuit KwaZulu-Natal. "Kultivar-evaluasie is 'n belangrike aspek van ons navorsing wat landswyd plaasvind. Ons evalueer deurgaans nuwe én gevestigde kultivars ten opsigte van opbrengs en kwaliteit. Met die verloop van tyd word hierdie inligting bymekaar gebring sodat produsente kan sien watter kultivars dalk al heelwat in 'n spesifieke seisoen geplant is, en dit dus strategies raadsaam sou wees om eerder 'n ander kultivar te gebruik.



Die sprekers by die aartappeldag in Howick. Van links staan dr Mariëtte Marais van die LNR Roodeplaat, James Arathoon van die KwaZulu-Natal Departement van Landbou op Cedara, dr Mieke Daneel van die LNR Nelspruit, Mike Green, ASA se direkteur vir KwaZulu-Natal, dr Fienie Niederwieser, navorsingsbestuurder by ASA, en prof Jacquie van der Waals van die Universiteit van Pretoria.

“Eweneens is hierdie inligting waardevol vir invoerders van plant-materiaal om objektiewe en geloofwaardige inligting te bekom, in terme van watter kultivars gewens sou wees om in te voer,” sê dr Niederwieser.

Stand van varsproduktemarkte

Nog een van die knelpunte wat tydens die inligtingstoer aangespreek was, en wat die hele bedryf raak, was die stand van die munisipale varsproduktemarkte in die land.

“Die toestand van sekere munisipale markte is van so ‘n aard dat dit toenemend moeilik word om produkte op hierdie markte te verhandel,” het Jacobs tydens die vergadering in Bethlehem gesê. “Ons sien al hoe meer verhandelinge wat buite-om die markte plaasvind. Die markte is tradisioneel ‘n belangrike prysformuleringsmeganisme, en die wegkalwing hiervan kan tot groot skade vir die bedryf lei.”

Een van ASA se belangrike take is om met die betrokke munisipaliteite in gesprek te tree en die erns van die saak tuis te bring. Hierdie probleem raak nie net die aartappelbedryf nie, maar die varsproduktebedryf in sy geheel.

ASA gooi ‘n Kaapse draai

Die inligtingstoer in George in die Suid-Kaap, is onder andere deur ASA se streeksdirekteur, DC Schellingerhout, bygewoon.



Werknemers en raadslede van ASA tydens die Bethlehem-inligtingstoer. Van links is Santa Bronkhorst, ASA se kantoorbestuurder in Bethlehem, Hein Oberholzer, hoof finansiële beampte van ASA, Willie Jacobs, hoof uitvoerende beampte van ASA, JF van der Merwe, voorsitter van die ASA-direksie, en Nicolaas Lourens, ASA-direkteur vir die Oos-Vrystaat-streek.

Tydens die vergadering het JF van der Merwe, voorsitter van die ASA-direksie, gesê dit is belangrik dat die kontak tussen ASA en produsente volgehou en verbeter word. Boere moet ASA as hul ‘hulp’ sien. Waar ASA nie self teenwoordig is nie, moet mense in die streke gekontrakteer word om as skakel tussen die organisasie en die produsente te dien.

Jacobs het gesê ASA weet kommunikasie met die produsente is baie belangrik, daarom word al hoe meer van onder andere WhatsApp-groepe gebruik gemaak om inligting soos die bemerkingstyd van die streke uit te ruil.

“ ‘n Nuwe toepassing (app) wat in werking gestel is, maak belangrike inligting vir elke boer op sy selfoon toeganklik. Daarmee kan die produsent byvoorbeeld bewegings in sy eie omgewing teen dié van die hele mark meet. Dit kan hom help om sy uithaaltempo te bepaal en ook met sy bemerkingsplan help.

Die toepassing het baie bykomende inligting oor die produsent se eie produksiestelsels, soos satellietbeelde van die lande vanwaar inligting verkry kan word, wat nie met die oog sigbaar is nie,” het Jacobs verduidelik.

Aartappelverbouing in die Suid-Kaap

Ruben Barnard, ‘n produsent van George, het gesê die omgewing se grond gee ‘n kleur aan die skil wat veroorsaak dat hul produk nie met die Sandveld kan meeding nie. “Ons spot en sê hulle lyk nie so goed nie, maar hulle smaak lekkerder. Daarom konsentreer ons op die produksie van saadaartappels.”

Barnard het bygevoeg dat die nuwe kultivars wat hulle plant bestand is teen laatroes. Daarby is swambeheer maklik met chemiese middels, wat die insetkoste laer maak as in die Sandveld. ‘n Voordeel wat dié streek bo die Sandveld het, is die swaarder grond wat kunsmis beter vashou en hul bemestingsprogram makliker maak.



Van links is JF van der Merwe, voorsitter van ASA-direksie, Johan van Greunen, plaaslike produsent, en Willie Jacobs, uitvoerende hoof van ASA.



DC Schellingerhout (links) is ASA se direksielid vir die Oos- en Suid-Kaap tot in Ceres. Langs hom is pa en seun, SR en Petrus Ferreira, asook Pieter Ferreira. Hulle is aartappel- en sitrusboere in die Gamtoosvallei.



Aartappel- en sitrusprodusente, Ruan en Hardu Scheepers, het ook die ASA-inligtingstoer in Patensie bygewoon.



JF van der Merwe, voorsitter van die ASA-direksie, by Hein Oberholzer, hoof finansiële beampte van ASA, en Willie Jacobs, ASA se hoof uitvoerende beampte, tydens die inligtingstoer in Patensie.


In die Suid-Kaap plant die produsente van Mei tot September aartappels onder besproeiing. Kultivars wat geplant word, is Mondial vir tafelaartappels en verwerking, en Lanorma, Valor en FL2108 vir saadaartappels.

Oor die algemeen het hierdie streek 'n matige, warm klimaat regdeur die jaar. In die somer wissel die gemiddelde dag- en nagtemperatuur tussen 16 en 25 °C, en in die winter tussen 9 en 21 °C. Die gemiddelde reënval wissel van 445 tot 740 mm per jaar.

Uitdagings in die Gamtoosvallei

ASA het ook 'n wye draai gegooi in die Oos-Kaapse Gamtoosvallei, waar die inligtingstoer by die Padlang's Padstal in Patensie plaasgevind het. Hier is sake soos die statutêre heffing, geleentheid vir transformasie en werkskepping in die aartappelbedryf, asook die verbouing van aartappels in die droogtegeteisterde Gamtoosvallei bespreek. Daar is ook geraak aan die bekostigbaarheid van aartappels en huidige verbruikersvereistes.

Petrus Ferreira, 'n sitrus- en aartappelboer van die plaas Nuwelande, saam met Pieter Ferreira, 'n sitrus-, aartappel- en groenteboer van Patensie, was van die produsente wat die vergadering bygewoon het. Hulle het saamgestem dat die uitmergende droogte van die afgelope jare 'n besliste negatiewe uitwerking op aartappelproduksie in die streek het. Die droogte het tot 'n ernstige tekort aan water gelei. Die Kouga-dam het tans slegs 5% water en daar is al regoor die vallei geboor vir water. Laasgenoemde bied ook rede tot kommer aangesien dit tot die uitputting van grondwater kan lei.

Die verbouingsmarge van aartappels in die Gamtoosvallei het gedaal van sowat 3 000 ha, na omtrent net 100 ha. Dit is boonop moeilik om ekstra grond in die gebied te bekom, want bykans al die vrugbare grond is in sitrusblokke omskep. Sitrusprodusente verdien ook dollars, wat dit 'n baie lonende bedryf in die vallei maak. 

Kyk uit vir 'n verslag oor verdere inligtingstoere in die Januarie/ Februarie 2022-uitgawe van CHIPS.



SUBTROPICO

Die Subtropico Groep wens u 'n Geseënde

Kersfees en 'n Vreugdevolle 2022 toe !

Ons hartlike dank vir u lojale

ondersteuning in 2021!



SUBTROPICO
ONLINE



WENPRO

zire



Vir meer inligting kontak Hoofkantoor: 012 460 9910 / www.subtropico.co.za



DIE BESTE BOD

*'n Geseënde Kersfees en 'n Vreugdevolle 2022 word u toegewens!
Ons hartlike dank vir u lojale ondersteuning!*

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za • www.vleissentraal.co.za

LEWENDEHAWE • WILD • LOSGOED • EIENDOM



LIVESTOCK • GAME • MOVABLE ASSETS • PROPERTY


Markmonitor: Die eerste 39 weke van 2021 op varsprouktemarkte

Deur Janó Bezuidenhout, Aartappels SA

Die gemiddelde weekprys op varsprouktemarkte (VPM'e) toon steeds 'n opwaartse tendens. Gedurende middel Augustus is 'n sterk opwaartse druk ervaar en is daar teen einde September rekordpryse ervaar. *Figuur 1* dui die weeklikse gemiddelde prys op alle markte vir alle klasse aan.

Na die onluste in Julie 2021, het voorraad 'n afwaartse tendens begin volg. Hierdie afname in voorraad kan toegeskryf word aan klimaatsomstandighede wat streke tydens produksieseisoene ervaar het. Hierdie klimaatsomstandighede het veroorsaak dat produksiestreke soos die Noord-Kaap, Wes-Vrystaat en Oos-Vrystaat, laer produksievlakke ervaar het. Limpopo het ook ongunstige weersomstandighede

Figuur 1: Weeklikse gemiddelde pryse (alle markte en alle klasse).




tydens die vroeë oes ervaar. *Figuur 2* dui die daaglikse gemiddelde voorraadvlakke teenoor die daaglikse gemiddelde prys aan.

Verkope op VPM'e

Gedurende die eerste 39 weke van 2021 het verkope op VPM'e met 0.6% verhoog vanaf 2020 se

Figuur 2: Daaglikse beskikbare voorraad vs. daaglikse gemiddelde prys (alle klasse en alle markte).



ooreenstemmende syfer, aldus *Figuur 3*. Let ook op dat 2021 effens hoër is as die vorige jaar, maar dat beide 2020 en 2021 laer is as die vorige drie jaar vir die eerste 39 weke van die jaar. Die verkope op VPM'e is ná die eerste 39 weke van die jaar, 3.9 miljoen 10 kg-sakkies minder as die vyf-jaar gemiddeld.

Figuur 4 illustreer die maandelikse verkope op VPM'e vanaf 2018. Hier kan gesien word dat daar vanaf April 2021 'n afwaartse tendens in maandelikse verkope is. September 2021 se verkope is sover die laagste maandelikse verkope vir 2021. Die vyf-jaar gemiddeld vir September-verkope is 9.2 miljoen 10 kg-sakkies, wat beteken dat September 2021 se verkope 2.5 miljoen 10 kg-sakkies onder die vyf-jaar gemiddeld is.

September 2021 toon ook die laagste verkope vir die maand sedert 2010. Hou in gedagte dat die beskikbare voorraadvlakke gedurende September 2021 gedaal het. Die gemiddelde daaglikse beskikbare voorraad vanaf Augustus 2021 het met 20% gedaal, waar die gemiddelde daaglikse verkope vir September 2021 slegs met 15% sedert Augustus 2021 gedaal het.


Tabel 1 bevat die aantal sakkies wat gedurende die eerste 39 weke van 2021 op die verskeie markte verkoop is. Die vyf grootste markte gedurende hierdie tydperk was gesamentlik verantwoordelik vir 82% van die land se verkope. Die gemiddelde prys (alle klasse en groottes) vir elke mark verskyn ook in *Tabel 1*. Die gemiddelde prys het met 15% gestyg na R47.37 per 10 kg-sakkie jaar-op-jaar vir die eerste 39 weke.

Uit die vyf grootste markte was Tshwane- en Springs-mark se gemiddelde pryse laer as die land se gemiddelde prys. Johannesburg-mark se totale verkope het uit 79% Klas 1-sakkies bestaan, wat die hoogste van alle markte was. Hierdie is ook in die vorige twee *Markmonitor*-artikels waargeneem.


Topstreke vir eerste 39 weke

Die drie grootste streke wat gedurende hierdie tydperk (eerste 39 weke) in die mark was, het 61% van die aartappels op markte verkoop, aldus *Tabel 2*. Limpopo en die Oos-Kaap het van die hoogste


Figuur 3: Kumulatiewe hoeveelheid 10 kg-sakkies verkoop op VPM'e tot week 39 van elke jaar.



Figuur 4: Maandelikse verkope op VPM'e vanaf 2018 tot 2021 (alle verpakkings omskakel na 10 kg-sakkies).



Figuur 5: Aantal 10 kg-sakkies verkoop (eerste 39 weke) per streek in 2021 vs. 2020.




Tabel 1: Verkope (%) op VPM'e tot week 39 van 2021.

Mark	Aantal 10 kg-sakkies	% van totaal	Gem. prys (R/10 kg)	% van verkope op VPM'e			
				Klas 1	Klas 2	Klas 3 en 4	Klas 1 M
Johannesburg	31 441 303	39.9%	47.45	79%	15%	6%	19%
Tshwane	15 080 884	19.1%	47.32	70%	22%	8%	17%
Durban	7 163 549	9.1%	47.66	74%	16%	11%	24%
Kaapstad	6 538 110	8.3%	50.97	74%	21%	5%	22%
Springs	3 996 206	5.1%	44.74	67%	22%	10%	15%
Klerksdorp	2 486 682	3.2%	43.61	63%	24%	12%	15%
Oos-Londen	2 297 790	2.9%	51.04	72%	19%	10%	23%
Bloemfontein	2 050 101	2.6%	47.97	63%	24%	13%	16%
Port Elizabeth	1 981 636	2.5%	45.21	69%	21%	11%	25%
Pietermaritzburg	1 957 593	2.5%	42.95	58%	24%	17%	16%
Welkom	1 572 356	2.0%	46.28	67%	19%	14%	15%
Vereeniging	753 769	1.0%	42.9	74%	17%	9%	15%
Witbank	470 592	0.6%	49.37	72%	20%	8%	13%
Mpumalanga	352 362	0.4%	48.73	68%	24%	8%	7%
Nelspruit	244 398	0.3%	52.7	68%	21%	12%	8%
George	218 974	0.3%	46.43	62%	23%	14%	14%
Kimberley	94 428	0.1%	42.17	70%	17%	13%	16%
Kei-mark (Umtata)	83 406	0.1%	34.91	34%	30%	36%	5%
Totaal	78 784 139	100%	47.37	73%	18%	8%	19%

Tabel 2: Verkope (%) per streek op VPM'e tot week 39 van 2021.

Streek	Aantal 10 kg-sakkies	% van totaal	Gem. prys (R/10 kg)	% van verkope op VPM'e			
				Klas 1	Klas 2	Klas 3 en 4	Klas 1 M
Oos-Vrystaat	18 464 328	23%	42.49	67%	21%	12%	14%
Wes-Vrystaat	16 108 844	20%	48.71	69%	22%	9%	22%
Limpopo	13 455 232	17%	64.41	85%	12%	3%	18%
Suidwes-Vrystaat	6 169 565	8%	37.58	77%	14%	9%	23%
Noordwes	5 641 440	7%	38.57	81%	12%	8%	17%
Sandveld	4 993 124	6%	51.38	75%	22%	2%	22%
Noord-Kaap	4 125 985	5%	49.14	60%	22%	18%	18%
KwaZulu-Natal	3 896 268	5%	41	74%	19%	7%	16%
Gauteng	2 443 138	3%	35.06	84%	13%	4%	26%
Noordoos-Kaap	1 550 272	2%	40.91	67%	24%	9%	22%
Mpumalanga	864 302	1%	34.11	70%	25%	5%	14%
Ceres	785 581	1%	44.53	85%	8%	7%	29%
Oos-Kaap	200 392	0.25%	52.52	74%	16%	10%	25%
Suidwes-Kaap	45 039	0.06%	41.11	83%	16%	1%	23%
Suid-Kaap	40 629	0.05%	44.49	49%	44%	6%	18%
Totaal	78 784 139	100%	47.37	73%	18%	8%	19%

Figuur 6: Maandelikse verkope van 7 kg-sakkies (alle markte, klasse en kultivars) vanaf 2018 tot 2021.



gemiddelde pryse (alle klasse en groottes) vir hierdie tydperk gerealiseer. Tabel 2 illustreer ook die persentasie samestelling van elke streek se Klas 1, 2, 3 en 4 wat gedurende hierdie tydperk voorsien is.

Vyf van die produksiestreke – Limpopo, Noordwes, Gauteng, Ceres en die Suidwes-Kaap –

se persentasie Klas 1-verkope is almal bo 80%. Indien ons die sewe grootste streke se verkope vir 2021 vergelyk met 2020, sal gesien word dat drie streke meer 10 kg-sakkies verkoop het en die ander het minder verkoop as die vorige jaar gedurende die eerste 39 weke (Figuur 5). Die Oos-Vrystaat het

vanjaar tot dusver 1.53 miljoen 10 kg-sakkies meer verkoop as verlede jaar dieselfde tyd, en Limpopo ongeveer 3.55 miljoen 10 kg-sakkies meer, aldus Figuur 5.

Figuur 6 dui die maandelikse verkope van 7 kg-sakkies sedert 2018 aan. In die eerste drie maande van 2021 was die aantal 7 kg-sakkies se verkope meer as die vier-jaar gemiddelde syfer. Vanaf April 2021 het die markte minder 7 kg-sakkies begin verkoop en het die verkope onder die vier-jaar gemiddeld inbeweeg. Gedurende Junie het die verkope van 7 kg-sakkies steeds verlaag, maar in Julie 2021 het die verkope van 7 kg-sakkies verhoog. Vanaf Julie 2021 het die hoeveelheid 7 kg-sakkies wat verkoop is steeds afgeneem, maar gedurende September 2021 het verkope nader aan die vier-jaar gemiddeld begin beweeg.

Vir meer inligting, kontak Janó Bezuidenhout by jano@potatoes.co.za.

GEORGINA | JELLY | RUMBA | VALOR





AARTAPPELSAAD BEURS^{BK}
POTATO SEED EXCHANGE^{CC}


Landswye Verskaffers Van : Gesertifiseerde Moere | Aartappelsakkies | Plakkers | Paletnet | Polipropsakke

Countrywide Suppliers Of : Certified Seed Potatoes | Potato Pockets | Labels | Pallet Netting | Polyprop Bags

T +27 12 809 4000 | F +27 12 809 4003 | www.rsaseeds.co.za | admin@rsaseeds.co.za



**YOUR
WORKING
MACHINE**



BH4 HiTech

115kW to 155kW

3 Speed automatic power shift

170 Litres per minute closed hydraulic with separate oil tank

AGCO Power engine

HiComfort Cab

NOW AVAILABLE

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

☎ 0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
🌐 www.valtrac.co.za 📱 Valtrac South Africa 📺 Valtrac

Parys: **Johan** 071 671 8080
KZN North: **Joe** 082 303 2391
KZN South: **Billy** 082 667 7764
Harrismith: **Jaap** 082 824 6440
North West: **Ciel** 082 921 6321
Mpumalanga: **Pierre** 082 543 4146
Namibia and Botswana: **Tom** 082 928 1775

Independent dealers:
Southern Cape: **Theunis** 071 435 0735
Eastern Cape: **Johan** 060 923 4659
Hartswater: **De Wet** 082 613 8394
Hopetown: **Rudi** 082 771 9906
KZN Ladysmith: **Johan** 084 442 7838
Bethlehem: **Koos** 082 940 1696

Die GeoFarmer-platform maak monitoring maklik

Deur FP Coetzee, Aartappels SA, en Fanie Ferreira, Geo Terra Image

Aartappels Suid-Afrika (ASA) het onlangs Geo Terra Image (GTI) se GeoFarmer-platform aan produsente beskikbaar gestel. Hierdie platform bevat inligting wat vanaf satellietbeeldwaarnemings afgelei word.

GeoFarmer bied aan produsente die geleentheid om hul lande op die platform te laai, en aanplan-


tings dan op verskeie basisse te monitor. GeoFarmer bevat tans vyf gewasaanduiders, naamlik NDVI (gewasgroeiagtigheid), LAI (gewasbiomassa), MSI (vogstres), SOI (siektestres) en PAI (fotosintese-aktiwiteit), wat afgelei word van satellietbeeldwaarnemings. Elke aanduider is 'n stukkie gereedskap wat die produsent kan help om beter bestuursbesluite te neem

en bestaande bestuurspraktyke te vergemaklik.


Laai van lande

Figuur 1 toon die verskeie lande wat 'n produsent op die platform gelaai het. Regs in die figuur kan gesien word waar die datum van die satellietvlug asook die verlangde gewasaanduiders van 'n afteklyk gekies kan word. Links bo is 'n funksionaliteit


Figuur 1: GeoFarmer-platform, aansig van hele plaas.



Figuur 2: Satellietbeelde van 'n land op die GeoFarmer-platform.



Figuur 3: Indeksgrafieke op die GeoFarmer-platform.



wat die gebruiker toelaat om op die verlangde land in te zoom, sodat dit van nader bekyk kan word.

Figuur 2 dui die spesifieke land aan wat die verbruiker kies om te ondersoek. In die beeld kan gesien word dat daar verskeie kleure en blokkies is – elke blokkie verteenwoordig 'n 20 x 20 m gedeelte. Regs in die figuur is 'n legende wat die status van elke kleur aandui.

Vir elke land wat op die platform opgelaa is, is daar so 'n beeld beskikbaar vir elk van die vyf gewesaanduiders. Groen dui op hoë waarde, terwyl oranje op 'n lae waarde dui. Indien dit bewolk was terwyl die satellietfoto geneem is, sal die deel van die land wat opgelaa is, 'n donkergrys beeld vertoon.

Maklike monitering

Links onderaan Figuur 2 verskyn die woorde *Disable* (of *Enable*) *Adding Point Makers*. Hierdie funksie stel die gebruiker in staat om 'n plekkerk op die verlangde 20 x 20 m blokkie in die lande te los, wat hom of haar presies na daardie plek in die land sal neem. Hierdie koördinate kan oorgedra word na Google Maps sodat daar na spesifieke verwysingspunte in die land genavigeer kan word. Dit kan ook per epos na iemand anders gestuur word vir verdere ondersoek. Die landboukundige of produsent kan dus elke 400 m² van sy lande op hierdie basis monitor en bestuur.

GeoFarmer het ook 'n paneelbord waar bykomende inligting met een oogopslag vertoon word. Hierdie paneelbord (of *dashboard*) bied 'n oorsigtelike prentjie, deurdat dit elke land se gemiddelde data op 'n grafiek plot, wat dan vir die gebruiker 'n groeikurve trek.

Sinvolle vergelykings

Figuur 3 toon hoedat 'n klomp lande met dieselfde plantmaand of kultivar of op dieselfde plaas, geselekteer en vergelyk kan word volgens plantmaand, plantdatum of datum van eerste groei gewaar (*date of detection*). Die dik rooi lyn verteenwoordig die gemiddelde vir die geselekteerde lande; sodoende kan die lande wat gekies is, met die gemiddelde vergelyk word.

Om te meet is om te weet – elke boer wil weet of hy voor of agter, onder of bo is. Hierdie tipe vergelykings stel die gebruiker in staat om die omvang van ooglopende probleme in die land, te bepaal. Produsente met plase wat ver van mekaar geleë is, kan byvoorbeeld MSI (vogstremmingsindeks) gebruik om te bepaal of die plante onder enige mate van vogstremming (te veel of te min water) verkeer.

So dui elke indeks bepaalde vorme van verandering of stres aan. Indekse moet verkieslik in samehang gelees word en nie geïsoleer nie. Soms dui een indeks aan dat daar 'n probleem

is, terwyl die ander aandui wat die moontlike probleem kan wees.

Aanduiders-handleiding

ASA ontwikkel tans 'n handleiding wat verduidelik wat elke aanduiders meet en beïnvloed. Dit sal die gebruiker, in samewerking met sy insetverskaffers en bestuurspan, help met besluitneming.

GTI het onlangs 'n nuwe funksie bekendgestel (Figuur 4). Dit stel die gebruiker in staat om die persentasie-verandering van een satellietbeeld na 'n volgende vas te stel, en veranderinge te monitor. Indien 'n land byvoorbeeld rypskade opgedoen het, kan hierdie funksie help om te bepaal wat die afwaartse persentasie verandering as gevolg van die ryp is, en wat die opwaartse (indien wel) persentasie-verandering na afloop van die ryp is (die sogenaamde herstelkoers).

Saam met hierdie nuwe vrystelling is daar ook vyf klimaataanduiders op die paneelbord beskikbaar (Figuur 5). Hierdie aanduiders kan met 'n enkele oogopslag met die vyf gewesaanduiders vergelyk word.

Die klimaataanduiders sluit maksimum- en minimumtemperatuur asook reënval in, en word daagliks vanaf die *National Oceanic and Atmospheric Administration: Climate Forecast System* in die Verenigde State opgedateer. Al tien aanduiders op die paneelbord word

Figuur 4: Verandering van 'n land se beeld.



Figuur 5: Klimaataanduiders op die GeoFarmer-platform.



deur middel van 'n datumlyn met mekaar gekoppel, sodat ontledings op dieselfde dag gedoen kan word.

'n Een-stop-platform

ASA se doelwit is die daarstelling van 'n enkele databasis en platform waarop die produsent moeiteloos, elke aspek van sy aartappelboerdery met die nuutste intydse data kan bestuur. Hierdie is egter 'n langtermynproses en daarom is die samewerking van elke produsent en belanghebbende nodig om genoeg lande op die platform in te sluit, sodat 'n beter datastel ontwikkel kan word. Die platform is gratis vir elke aartappelprodusent wat sy aartappellande wil oplaai. Medewerkers wat belangstel om lande op die platform te laai, moet ASA voorsien van die inligting vervat in *Tabel 1*.

Tabel 1: Inligting nodig vir GeoFarmer-subskripsie.

Besproeiing	Droëland
Land se naam	Land se naam
GPS-koördinate	Land se grense (hoe die aartappels geplant is)
Kultivar	Kultivar
Plantdatum	Plantdatum
Halwe land / volle land	

Vir verdere inligting of hulp,
kontak gerus vir FP Coetzee of
Janó Bezuidenhout by 012 349 1906.

Vergelyking van verskillende besproeiingstelsels vir optimale aartappelproduksie in Limpopo: Deel 1

Prof Martin Steyn, Departement Plant- en Grondwetenskappe, Universiteit van Pretoria, en Isobel van der Stoep, Isowat Consulting

Die koste van aartappelproduksie het die afgelope dekade skerp gestyg, terwyl aartappelpryse oor dieselfde tydperk feitlik konstant gebly het. Dit plaas produsente onder geweldige kostedruk en gevolglik is hulle voortdurend op soek na maniere om insetkoste te verlaag en sodoende produksie meer winsgewend te maak.

Besproeiing is een van die grootste kostekomponente in aartappelproduksie, wat in die meeste streke hoogs afhanklik van besproeiing is. Elektrisiteitstariewe het veral oor die afgelope vyf jaar dramaties gestyg, wat 'n direkte invloed op pompkoste vir besproeiing het. Produsente

kan op pompkoste bespaar deur minder te besproei (verbeterde waterbestuur), deur slegs op spesifieke tye van die dag te besproei (in goedkoper Ruraflex-tye), of om na besproeiingstelsels wat minder energie vereis, oor te skakel.

Produsente in Limpopo het die afgelope paar jaar inisiatief geneem en spilpuntstelsels met laer drukbehoefte begin ondersoek. Een so 'n stelsel is die sogenaamde LEPA-stelsel (Low Energy Precision Application, Foto 1), wat met kleiner spuite toegerus is en wat volgens beskikbare inligting, laer werkdruk vereis (40 tot 70 kPa vs. die 100 kPa van meeste konvensionele spuite), nader aan die grond hang en groter druppels lewer. Dit toon dus potensiaal vir 'n hoër toedieningsdoeltreffendheid vanweë groter druppels wat nader aan die grond gelewer word, met gevolglike minder wind- en verdampingsverliese.

'n Ander stelsel wat ondersoek word, is die sogenaamde Dragon-Line-spilpuntstelsel (Figuur 1). By hierdie stelsel word die spuite met druplyne vervang, wat aan die struktuur van die spilpunt monteer en dan saamgesleep word wanneer die stelsel besproei. Hierdie stelsel het ook 'n laer werkdruk en aansprake van hoër doeltreffendheid word gemaak.

Evaluasie van stelsels en bestuur

Indien die aansprake op hoër doeltreffendheid en laer energievereistes van die alternatiewe stelsels geldig is, toon hulle nie net potensiaal om energie te bespaar nie, maar kan hulle moontlik bydra tot waterbesparing, wat baie belangrik is in gebiede met beperkte waterbronne, soos Limpopo.


'n Studie is derhalwe gedurende die 2020-seisoen in Limpopo uitgevoer, om die doeltreffendheid van die verskillende stelsels asook die rol van bestuur op produksie onder die verskillende stelsels te ondersoek. Elke aanplanting is volgens die volgende kriteria geëvalueer:

- Stelseldoeltreffendheid.
- Hoeveel mm besproei is vs. die behoefte.
- Opbrengs vs. opbrengspotensiaal.
- Waterverbruiksdoeltreffendheid.
- Energiekoste.



'n Spilpunt wat na 'n LEPA-stelsel omgeskakel is.

Figuur 1: Toedieningsdoeltreffendhede van die agt spilpunte wat in Limpopo geëvalueer is.



Lande met dieselfde kleurkodes was op dieselfde plaas.

Die einddoel was om moontlike produksiebeperkings te identifiseer en te bepaal watter aspekte aangespreek kan word om aartappelproduksie verder te optimaliseer.

Oorsig van medewerkers

Ses medewerkers in die Waterpoort/Alldays-, Vivo- en Dendrongebiede het aan die studie deelgeneem. Dit het twaalf lande en die volgende drie tipes stelsels ingesluit: vyf konvensionele spilpunte, vier LEPA-stelsels, en drie Dragon-Line-stelsels.

Daar is gepoog om op dieselfde plaas telkens 'n konvensionele spil-

punt (as kontrole) en een of meer van die alternatiewe stelsels met mekaar te vergelyk, maar dit was nie altyd moontlik nie. Die lande se plantdatums het van 27 April tot 27 Julie 2020 gestrek, en oppervlaktes het tussen 7.15 en 29.4 ha gewissel. Die kultivar Mondial was op nege van die lande verbou, terwyl drie lande met Valor beplant is. Tabel 1 bevat 'n opsomming van die nege lande se spilpuntbesonderhede, planttye en loofdooddatums.

Prosedure vir evaluasies

Besproeiingstelsel-evaluasies is by sewe van die twaalf spilpunte uitgevoer om die doeltreffendheid

en uniformiteit waarmee water deur die spilpunte toegedien word, te bepaal. Die toedieningsdoeltreffendheid (TD) van 'n spilpunt kwantifiseer watter fraksie van die water wat die spuite verlaat, die grondoppervlakte onder die spuite bereik. Dit gee dus 'n aanduiding van waterverliese wat plaasvind as gevolg van verdamping en wind.

Ander verliese kan ook voorkom wat verhoed dat die besproeiingswater die wortelsone bereik, soos die onderskepping van water deur die blare, afloop vanaf die grondoppervlakte, en dreineringsverliese.

Die hoeveelheid verliese wat plaasvind is afhanklik van die korrekte spilpuntontwerp, insluitend die spuittype en -pakket, sowel as die korrekte bestuur van die stelsel in terme van die hoeveelheid water wat per besproeiing toegedien word, en onderhoud wat tydig uitgevoer word.

Tweedens word daar tydens stelsevaluasie gekyk na die uniformiteit, of eweredigheid, waarmee water oor die lengte van die spilpunt toegedien word. Aangesien die masjien water op 'n sirkelvormige land toedien, neem die lewering per spuit toe vanaf die spil na die buitepunt van die masjien. Die kombinasie van tuitgroottes (nozzles) oor die lengte van die masjien, moet korrek wees om te verseker dat dieselfde hoeveelheid water (mm) oor die hele sirkel tydens een omwenteling toegedien word.

Tabel 1: Opsomming van Limpopo-medewerkers se spilpuntbesonderhede.

Parameter	Spilpuntnommer											
	L1	L2	L3	L4	L5	L6	L7	L8	L10	L11	L12	L13
Area (ha)	13.15	13.24	7.18	7.15	10	8	7.98	14.68	29.38	20.14	15.37	10
Stelsel	LEPA	Konv.	LEPA	LEPA	Konv.	LEPA	Dragon	Konv.	Dragon	Dragon	Konv.	Konv.
Kultivar	Mondial	Mondial	Mondial	Mondial	Mondial	Mondial	Mondial	Mondial	Valor	Valor	Valor	Mondial
Plantdatum	28 Mei	20 Mei	27 Apr	7 Mei	20 Jul	27 Jul	18 Mei	7 Mei	25 Jun	2 Jun	15 Jun	26 Mei
Loofdooddatum	7 Okt	23 Sep	21 Aug	2 Okt	16 Nov	23 Nov	17 Sep	14 Sep	27 Aug	9 Sep	1 Okt	15 Okt

OUTPERFORM THE NORM WITH SCIENCE-DRIVEN
FOLIAR NUTRIENTS



Introlab is committed to develop and supply innovative world class products and solutions, backed by professional support.

For more information contact:
INTROLAB (PTY) LTD (Reg. No.: 2005/039779/07)
T +27 21 864 2145/6 E info@introlab.co.za
W www.introlab.co.za



Die meet van uniformiteit behels die uitpak van reën timers oor die lengte van die spilpunt, en die neem van reën timerlesings nadat die spilpunt daarvoor beweeg het. Om die TD van die masjien te bepaal, word die vloeitempo by die spil gemeet en vergelyk met die hoeveelheid water wat die grondoppervlakte bereik (gemeet in die reën timers).

In die geval van die Dragon-Line-stelsels, is die evaluasiemethode aangepas om die vloei wat deur individuele druplyne gelewer word, met behulp van meetbakke te meet (Foto 2).



Aangepaste meetmetode om lewering van Dragon-Line-stelsels te meet.

Besproeiingsbehoefte

Om die seisoenale besproeiingshoeveelhede te bepaal, is die vloeitempo van elke stelsel by die spil gemeet en elektriese druksensors geïnstalleer

om die daaglikse besproeiingsure te monitor. Hierdie inligting word dan gebruik om die daaglikse en totale besproeiingshoeveelhede oor die groeiseisoen te bereken.

Aan die einde van die groeiseisoen is 'n simulasie-model gebruik om die besproeiingsbehoefte van elke land te bereken, gebaseer op die gemete daaglikse

Tabel 2: Opsomming van Limpopo-medewerker se spilpuntbesonderhede en evaluasie-resultate.

Parameter	Spilpuntnummer							
	L1	L2	L3	L4	L7	L8	L11	L12
Grootte van spilpunt (ha)	13.15	13.24	7.18	7.15	7.98	14.68	20.14	15.37
Waterbron	Boorgat, dam	Rivier, dam	Boorgat, dam	Boorgat, dam	Boorgat, dam	Boorgat, dam	Boorgat, dam	Boorgat, dam
Tipe stelsel	LEPA	Konv.	LEPA	LEPA	Dragon-Line	Konv.	Dragon-Line	Konv.
Spuitpakket (mm/24h)	9.12	15.3	9.1	8.7	5.4	13.5	4.8	14.9
Tipe spuite	Staties (Span 1, geen reguleerders)	Staties	Span 1 – wankel, res – staties	0.5 x Span 1 – wankel, res – staties	Dragon-Line	Staties	Span 1 – wankel, res – Dragon-Line	Wankel
Druk by die spil (kPa)	197	236	108	130	115	148	170	142
Vloeitempo by die spil (m ³ /h)	50.5	83.5	27.5	24.5	17.9	79	41	94.5
Gemiddelde bruto toediening (mm)	8.1	11.8	11.5	10.7	1.7	21	1.2	7.9
Gemiddelde netto toediening (mm)	6.3	9.7	10.1	8.3	1.6	20.6	1.1	6.3
Maksimum-toedieningstempo onder die oorhang (mm/h)	46	58	195	179	NVT	88	NVT	79
Toedienings-doeltreffendheid (%) – norm >80%	78.6	82.3	87.9	78	94.3	98.4	91.4	79.3
Uniformiteitskoëffisiënt (%). CU – norm >85%	86.9	89.5	66.9	45.9	81	85.3	78.3	88.8
Verspreidingsuniformiteit (%). DU _{lq} – norm >75%	78.4	81.7	51.9	19.7	67.5	75.2	60.7	84.2
Vloeitempo per ha (l/s/ha)	1.1	1.8	1.1	1.0	0.6	1.5	0.6	1.7
Windspoed (km/h) Ideaal <18	8	10	10	17	NVT	15	NVT	10
Temperatuur (°C)	20	15	19	22	NVT	17	NVT	11.8

Syfers in rooi voldoen nie aan die norm nie.

weerdata en plantdatum vir die land. In gevalle waar weerstasies nie op die plaas beskikbaar was nie, is data van die naaste beskikbare weerstasie in die omgewing verkry.

Die inligting is dan gebruik om die volgende aspekte te evalueer:

- Daaglikse en seisoenale waterverbruik (mm).
- Waterverbruiksdoeltreffendheid (kg/ha/mm).
- Werklike opbrengs vs. haalbare (of potensiele) opbrengs vir die omgewing.
- Werklike besproeiing vs. besproeiingsbehoefte.

Weens die toenemende koste van energie wat produsente gewoonlik in die vorm van elektrisiteit van die nasionale verskaffer, Eskom, verkry, is die totale elektrisiteitskoste van elke stelsel in hierdie studie bereken en vergelyk.

Die energiekoste van 'n besproeiingstelsel waar die waterpomp met 'n elektriese motor aangedryf word, is die produk van die drywingsbehoefte van die

motor (kW), die aantal ure wat die motor werk gedurende die seisoen (ure) en die eenheidskoste van die elektrisiteit (R per kW-uur):
 $k_p = P \times t \times k_e$ (sien *Berekening 1*).

In hierdie studie is die werksure van die besproeiingstelsels gemonitor en kon dit dus gebruik word om die energiekoste te bereken. Die eenheidskoste van elektrisiteit is geneem as die veranderlike komponent (*energy charge*) van Eskom se Landrate-tariefplan om die verskillende stelsels se inligting vergelykbaar te maak. Dit is die hoofkomponent van die tariefplan en word betaal vir die hoeveelheid elektrisiteitseenhede wat verbruik word.

Die drywingsbehoefte van die motors is bepaal op grond van inligting wat vir elke stelsel beskikbaar was, en kon óf van 'n hidrouliese benadering, waar die pomp se druk en vloeitempo bekend was, óf met 'n elektriese benadering, waar die elektriese stroom en arbeidsfaktor bekend was, bereken word, met een van die volgende die twee vergelykings in *Berekening 2*.

Berekening 1: Energiekoste van 'n besproeiingstelsel

k_p = energiekoste om water te pomp (R per seisoen).

P = drywingsbehoefte van motor (kW).

t = pomp-ure per seisoen (ure).

k_e = eenheidskoste van elektrisiteit (R per kW-uur).

Berekening 2: Berekening van drywingsbehoefte

Hidrouliese berekening van drywingsbehoefte:

$$P = \frac{Q \times H}{0.036 \times \eta_p \times \eta_m}$$

waar P = drywingsbehoefte van motor (kW).

Q = vloeitempo van die pomp (m^3/h).

H = totale pompdruk vir spilpunt wat gemoniteer is (m).

= stelseldruk by spil + hoogteverskil en wrywingsverlies vanaf pomp tot by spil.

η_p = doeltreffendheid van die pomp (%).

η_m = doeltreffendheid van die motor (%).

Elektriese berekening van drywingsbehoefte:

$$P = \frac{I \times \sqrt{3} \times V \times \cos \phi}{1\,000}$$

waar P = drywingsbehoefte van motor [(kW).

I = stroom (A).

V = spanning (V).

$\cos \phi$ = arbeidsfaktor van die motor (fraksie).

Weens die uiteenlopende eien-skappe van die verskillende stelsels wat gemonitor is, is die volgende aannames gebruik om die inligting te verwerk:

- Die drywing is slegs bereken vir watervoorsiening vanaf die dam na die spilpunt (kragverbruik deur boorgate of rivierpompe om die dam vol te maak, is buite rekening gelaat).
- Die wrywingsverlies in hooflyne is bereken as 1.2% van die pylengte, omdat inligting oor hooflynroetes en -groottes nie vir alle stelsels beskikbaar was nie.
- Indien geen stuwerdiameter vir 'n pomp gegee was nie, is daar aangeneem dat die pomp toegerus was met 'n volgrootte stuurer om die dienspunt op die pompkurve te bepaal.
- Motordoeltreffendheid is vir alle stelsels as 90% aanvaar.

Resultate

Die stelsel-evaluasieresultate word in *Tabel 2* opgesom. Slegs twee van die agt spilpunte (L2 en L8 – beide konvensionele stelsels) het voldoen aan al die vereistes soos bepaal deur die norme vir doeltreffendheid en uniformiteit. Dit was duidelik dat produsente nog eksperimenteer met aanpassings aan werksdruk en spuitpakkette op die LEPA- en Dragon-Line-spilpunte.

Toedieningsdoeltreffendheid

Slegs drie van die stelsels het nie aan die minimumnorm van 80% vir toedieningsdoeltreffendheid (TD) voldoen nie, soos in *Figuur 1* getoon. In die geval van konvensionele spilpunt L12, was dit 'n relatiewe ou masjien met 'n beduidende lekkasie by die spil (*Foto 3*). Hierdie lekkasie, tesame met 'n afname in lewering oor die lengte van die masjien weens die stygende helling van die terrein, het tot die effense lae TD-waarde van 79.3% bygedra.

By LEPA-stelsel L1 was die eerste span van die spilpunt met statiese spuite sonder drukreguleerders toegerus, en die res van die masjien met LEPA-spuite met 68 kPa-drukreguleerders. Die gebrek aan drukreguleerders op die eerste span se spuite het veroorsaak dat oormatige



Lekkasje by die spil van stelsel L12 het tot laer toedieningsdoeltreffendheid bygedra.



Opbreek van druppels in fyn mis onder die eerste span van LEPA-spilpunt L1. lei tot hoër verdampingsverliese.

hoë vloei deur die spuite voorgekom het, en die klein tuite wat tipies op die eerste span van 'n spilpunt geïnstalleer word, het die water in fyn druppels opgebreek (Foto 4), wat tot hoër verdampingsverliese kon lei.

In Foto 4 kan daar duidelik gesien word dat fynsproei nie by die LEPA-spuite in die voorgrond voorkom nie, maar slegs by die statiese spuite naby die spil.

In die geval van LEPA-stelsel L4, kan die lae TD-waarde toegeskryf word aan die gebrek aan oorvleueling tussen die benattingspatrone van die naasliggende spuite,

wat veroorsaak dat daar nie 100% benatting van die grond (en dus die gewas) plaasgevind het nie (Foto 5).

Hierdie stelsel was toegerus met enkellynspuite met 'n baie nou benattingspatroon, en gevolglik het die reënmeterlesings aansienlik gewissel. Verder het daar 'n windspoed van 17 km/h tydens die toets geheers, wat baie naby aan die toelaatbare maksimum vir toetsomstandighede van 18 km/h is, en moontlik tot die laer TD bygedra het.

Toedieningsuniformiteit

Die lesings van 'n reeks reënimeters of meetbakke wat onder die spilpunte

uitgepak was, is ontleed om twee indikaturs van stelseluniformiteit te verkry, naamlik:

- Die uniformiteitskoëffisiënt van Heermannen & Hein (CUHH): Gee 'n aanduiding van hoeveel die lesings van verskillende reënimeters afwyk van die gemiddeld van al die reënmeterlesings saam, en moet 85% of hoër wees.
- Die verspreidingsuniformiteit van die laagste kwart (DULq): Gee 'n aanduiding van die mate waarin onderbesproei word op dele van 'n spilpunt, deur die verhouding tussen die gemiddeld van die laagste 25% van metings en die gemiddeld van al die metings onder die spilpunt, te bereken. Dit moet 75% of hoër wees.

Die uniformiteitswaardes vir die agt spilpunte word in *Figuur 2* aangedui. Vier van die agt stelsels het nie aan die minimumnorme voldoen nie.

Om die uniformiteitswaardes beter te interpreteer, is na elk van die sewe spilpunte se individuele verspreidingspatrone gekyk, soos aangedui in *Figuur 3 a-d* en *Figuur 3 e-h*. Let daarop dat die eerste reënmeter op 'n afstand gelykstaande aan 20% van die spilpunt se lengte, vanaf die



Droë kolle onder stelsel L4 weens spuite se benattingspatrone wat nie oorvleuel nie.



Ons rugsteun jou deur
GEWASBESKERMING

VELUM®
PRIME 400 SC
is 'n aalwurm- en
swamdoder geregistreer
op sitrus, aartappels,
tabak en tamaties.
Vir meer inligting laai die
Bayer Toepassing af,
BayerCropSA.

- // Betroubare aalwurm en vroeë roes beheer.
- // Verhoogde opbrengs.
- // Beter kwaliteit en bemerkbare aartappels.
- // Kragtige groei.
- // Gunstige omgewingsprofiel.
- // Verhoogde winsgewendheid.

Jou trots
ons passie

Kom ons gesels ...

 | @Bayer4Crops

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601.
Posbus 143, Isando, 1600.
Tel: +27 11 921 5002
www.cropscience.bayer.co.za // www.bayer.co.za


Velum® Prime 400 SC Reg. Nr. L9565 (Wet Nr. 36 van 1947).
Velum® Prime 400 SC bevat Fluopyram (Versigtig).
Velum® Prime 400 SC is 'n geregistreerde handelsmerk van
Bayer AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

VELUM®
PRIME 400 SC

die
Evolusie
in aartappelgesondheid



Figuur 2: Toedieningsuniformiteit (C_{UH} en D_{Uq}) van die agt spilpunte wat in Limpopo geëvalueer is. Lande met dieselfde kleurkode was op dieselfde plaas.




spil geplaas was (byvoorbeeld, in die geval van L1, was die spilpunt 200 m lank en die eerste reënmeter is 40 m vanaf die spil geplaas). Die volgende kommentaar kan oor elkeen van die spilpunte gelewer word:

- **L1:** Hoewel die DU- en CU-waardes van hierdie LEPA-spilpunt aan die vereistes voldoen het, was die uniformiteit onder die eerste span se spuite waarskynlik nie in lyn met die res van die spilpunt nie, soos reeds gemeld is in die


bespreking van die TD-resultate. Daar is slegs drie reënmeteers onder die eerste toring uitgepak (weens die standaardpraktyk om die eerste 20% van die spilpunt nie te meet nie), maar die drie lesings aan die begin van die grafiek toon die oormatige hoë toediening (Figuur 3a). Die spuite op die eerste toring moet verkieslik ook met drukreguleerders toegerus word.

- **L2:** Goeie werksverrigting deur 'n konvensionele spilpunt.
- **L3:** By hierdie LEPA-stelsel is oormatige afloop waargeneem en dit het nie aan die uniformiteitsnorme voldoen nie. Die verspreidingsgrafiek toon groot variasie in toediening, wat veroorsaak is deur die benattingspatrone wat nie oorvleuel het nie. Sommige reënmeteers het dus 'n groot volume water ontvang en ander weer baie minder. Spuite is in 'n enkel-ry op die spilpunt geïnstalleer (Foto 6), wat tot baie hoë

Figuur 3 a-d: Individuele verspreidingspatrone van spilpunte L1 tot L4.



Figuur 3 e-h: Individuele verspreidingspatrone van spilpunte L7 tot L12.



toedieningstempo's gelei het en die grond se infiltrasievermoë oorskry het. Die spuite moet eerder in twee rye geplaas word (Foto 4) om die benatte area te verbreed en sodoende die

toedieningstempo te verlaag en afloop te verminder.

- **L4:** Hierdie LEPA-spilpunt het die swakste presteer. Die oorsaak is ook spuite wat in 'n enkel-ry hang, soos by L3,

met benattingspatrone wat nie oorvleuel nie en 'n baie hoë toedieningstempo tot gevolg het. In hierdie geval was daar ook 'n windspoed van 17 km/h tydens die toets, wat omstandighede vererger het.

- **L7:** Hierdie Dragon-Line-stelsel se uniformiteit was swakker as die minimumvereiste. Met 'n spuitpakket van slegs 5.4 mm/24 h, is slegs 1.6 mm toegedien tydens die besproeiing wat geëvalueer is. Dit is te laag om doeltreffend te besproei, en met die meetmetode wat gevolg is, kon 'n klein variasie in volume, gemeet in die bakke, tot 'n groot persentasiefout lei. Verstoppings is ook op die druplyne naby aan die buiterand van die spilpunt waargeneem, wat die grootste area van die land bedien.
- **L8:** Hierdie konvensionele spilpunt het voldoen aan die minimumvereistes in terme van uniformiteit.



Enkel-ry spuite met 'n nou benattingspatroon op LEPA-spilpunt L3, het tot oormatige afloop gelei.



Die Dragon-Line-stelsels het lae kapasiteit gehad, wat nie aan plante se behoeftes tydens piekseisoen kon voldoen nie.

- **L11:** Die tweede Dragon-Line-stelsel wat geëvalueer is, het ook nie aan die minimumnorm vir uniformiteit voldoen nie, en het 'n kapasiteit van slegs 4.8 mm/24 h gehad, wat te laag is om aan die besproeiingsbehoefte van die omgewing te voldoen. Slegs 1.1 mm is toegedien tydens die evaluasie, en verstopping van die druppers is ook waargeneem.
- **L12:** Hierdie konvensionele spilpunt was toegegerus met wankelspuite en het aan die minimumvereistes van die uniformiteitsnorme voldoen. ©

In die volgende uitgawe van *CHIPS*, kyk ons verder na die resultate van hierdie vergelykende proef. Vir enige navrae, kontak prof Martin Steyn by martin.steyn@up.co.za.



BIO-FORGE®: A PATENTED AND PROVEN SOLUTION FOR CROP STRESS

BENEFITS OF BIO-FORGE®

- Increases plant respiration and metabolism, reactivating its growth.
- Boosts the overexpression of plant stress resistance genes.
- Eliminates the effects of stress and the resulting blockage due to the excessive levels of ethylene produced in stress situations.
- Quickens recovery from plant stresses.
- Assists plant growth during dry periods.
- Increases the natural vigorous growth of young plants.

Contact us on +27 (0) 13 007 1678 or at info_africa@stoller-africa.com

EMPOWERING PLANTS EMPOWERING PEOPLE



Bio-Forge® reinforces the plant's natural ability to withstand stresses, resulting in a healthier plant.



TradeAlerts



Your Direct Online Agricultural Marketplace


Let the freshest produce, find you!

Receive instant In-App & email notifications

Access a world of freshly listed produce

Customise notifications to your needs

Start Trading Today!



Download Our Mobile App



connect@hellochoice.co.za

www.hellochoice.co.za

033 815 1036



HelloChoice mobile app: Enhanced features respond to market needs

HelloChoice is a proudly South African success story with a vision to modernise the traditional way of agricultural produce through its wholesale online marketplace, available on the Internet and its mobile app.

Fresh produce and agricultural buyers and sellers are taking to HelloChoice's digital marketplace. Over 2 300 users have joined the platform thus far and traded over R150 million within the first three years. The HelloChoice mobile app has been specifically designed for South African market conditions, as it instantly connects buyers in their stores and warehouses with sellers in their fields and packhouses.

New features

HelloChoice is excited to announce an upgraded and enhanced version of the mobile app, to bring complete on-the-go functionality and new features to both buyers and sellers. Responding to the needs of farmers to list while on the move, and similarly responding to the needs of buyers to get the latest real-time offers as they become available, the updated HelloChoice mobile app frees users up to list, bid, buy and sell from anywhere, anytime. This new version of the HelloChoice mobile app will ensure better market access and prices for farmers, as well as faster product access and lower prices for buyers.

HelloChoice's Grant Jacobs explains further: "HelloChoice is digitising agricultural trade to make buying and selling effective and efficient. Our TradeAlerts feature on the new mobile app is a great example of this, as the user can set their own individual trade preferences and get specific in-app messages when trade opportunities that meet their requirements, are available.

"They can immediately find and buy according to their needs with all relevant information immediately available on their phone, and better still, conclude the trade right there and then."

TradeAlerts that use geolocation and customer profiles to better connect buyers and sellers, are brand new and one of the game-changing features that will for the first time, enable farmers to list new offers in real-time via the mobile app, with instant notifications to interested buyers. These instant alerts will speed up the buying and selling process, while the Auction and Buy-it-Now marketplace features will also be available on the mobile app.

What our customers say

Existing HelloChoice users are extremely excited about these new features.

"HelloChoice is a great platform on which to find produce. The TradeAlerts feature is extremely exciting for us because we will now be able to find produce as and when farmers have it available, rather than having to manually search for what we are looking for." **Mohammed Mangesh from Superb, Stanger, KwaZulu-Natal.**



"Thanks to the power of HelloChoice, I was able to source cabbages and potatoes in my area when all my local suppliers and farmers were out of stock. They were able to get what I needed delivered to my shop, as per my order. They continue to improve their service offering and platform, and consistently deliver." **Daniel Verdann from Mr Potato, Umtata, Eastern Cape.**

Download the new HelloChoice app here:



<https://apps.apple.com/us/app/hellochoice/id1481178736>



<https://play.google.com/store/apps/details?id=za.co.hellochoice>

SOUTH AFRICAN AGRICULTURE ON THE FOREFRONT OF SUSTAINABILITY

BENEFITS OF THE SIZA DIGITAL RECORDKEEPING TOOL



**IMPROVING
WATER USE
EFFICIENCY**



**IMPROVING
ENERGY USE
EFFICIENCY**



**REDUCING
WASTE TO
LANDFILL**



**REDUCING
EMISSIONS
TO AIR**



In August this year, PSA hosted a follow-up practical irrigation course for enterprise development farmers in Limpopo.

Practical irrigation course: Water smarter

By Chantel du Raan, Potatoes SA, Prof Martin Steyn, University of Pretoria, and Chris Barnard, Fertigation Academy

Water is a critical input for agricultural production and plays an important role in food security. Proper irrigation is therefore vital to our country's food security, and measures are needed to protect our limited water resources. It is thus important that producers make use of the best available irrigation practices and tools to supply optimal amounts of water to their crops, while minimising the impact on the environment.

The Research and Development as well as the Transformation departments of Potatoes SA (PSA), recently joined forces and arranged a follow-up practical irrigation course for PSA's enterprise development farmers in Limpopo. Twenty-seven delegates gathered at Chinaka Game Lodge near Vivo, Limpopo, in August this year. Chris Barnard from the Fertigation Academy and Prof Martin Steyn from the University of Pretoria acted as expert facilitators, with the aim to

address irrigation-related issues faced by these producers.

This practical irrigation course not only highlighted that water is a scarce and precious resource, but also exposed the producers to tools that will help minimise wasteful nutrient losses. In addition, the aim to maximise transpiration was underscored, along with the beneficial loss of water due to its direct link with photosynthesis, and thus final yield and quality affecting profitability.

Potatoes are shallow-rooted plants with a network of finely branched roots and a fairly large leaf canopy. This makes the crop very sensitive to even small deficiencies in irrigation water, which can negatively affect growth rate, quality and yields.

The effect of water stress on crop performance depends on the crop's growth stage. It is therefore important to understand the water requirements during each stage, and how a shortage or excess of water can affect the crop.



The practical irrigation course provided producers with tools to help minimise wasteful losses of water and nutrients.

Farming roots, not potatoes

Roots are out of sight and therefore usually out of mind, but they remain the lifeline of a plant. Barnard compared the roots of a plant to

an engine. They take up water and nutrients from the soil, and move these up into the leaves, which can be referred to as the factory of the plant. There they interact with sunlight to produce sugars and energy, which in turn affect the yield.

Stronger, healthier roots will ensure better absorption of water and nutrients, enhancing crop development throughout all stages and under all environmental conditions, and producing stronger stems and foliage. When a crop has a good root system, critical resources are easily absorbed, leading to a healthy plant that can better withstand environmental stress conditions, especially in a challenging climate. A healthy root system therefore ultimately helps to ensure good yields.

To illustrate the importance of farming roots, Barnard used an example of a tobacco production practice used in the past. Farmers would plant a tobacco seedling, add 20 litres of water to it, and not irrigate it again. This would force the plant to develop deep roots in search of water, which ensured a well-developed root system.

Oxygen – the forgotten element

Oxygen is a forgotten, yet essential element that affects the uptake of nutrients as well as the occurrence of soilborne diseases. Barnard explained this by asking the audience whether a person could eat a hamburger under water. No, you cannot, and plants work the same way. They cannot take up nutrients if there is no oxygen in the soil (Table 1).

Table 1: The effect of oxygen in the soil on the uptake of nutrients.

% O ₂	K uptake (%)	P uptake (%)
20	100	100
5	75	50
0.5	37	30

A balance should therefore be established between oxygen and soil moisture, since saturated soil contains little to no oxygen.

Soil as a retainer of water

Prof Steyn stated that soil acts as a sponge that can take up and retain water. Just like soil, a sponge consists of solid parts, air, and water. The movement of water into the soil is referred to as infiltration, and the downward movement of water out of the crop’s root zone is called percolation. Pores in the soil form the conduit that allows water to infiltrate and percolate. It also serves as a storage compartment for water. In the following

discussion, soil will be compared to and referred to as a sponge.

Frost and irrigation management


Following the recent frost experienced in Limpopo, one participant asked whether it is recommended to irrigate when a cold period is expected. When soils are dry, more soil pores are filled with air, which will reduce heat transfer and storage within the soil. Therefore, in dry years, frost protection is improved by wetting dry soils.

Saturation

When water (rain or irrigated water) is poured slowly over the sponge (representing the soil), it will soak into the sponge. When the sponge has been saturated, water will start dripping from the bottom – this represents the process of percolation, whereby gravity pulls excess water out of the soil (Figure 1). All pores are thus filled with water, with no air present, and water is lost by percolation.

This typically occurs with over-irrigation, which can have multiple negative effects on yield and quality. Potato yields are sensitive to water stress during all growth stages from tuber initiation onwards. Prof Steyn advised producers to avoid very wet soils, especially late in the

Figure 1: An illustration of the saturation of soil, using the sponge as reference.




season (the last month before harvest), as tuber quality will especially be hampered.

Field capacity

When discontinuing the pouring of water onto the sponge and allowing the excess gravitational water to drain out, the soil will reach field capacity (Figure 2). The soil (sponge) retains some water that is available for plants to take up for growth, as well as for soil microbes to live in. The pores are now balanced with air and water, two crucial elements for plant growth.

To obtain optimal growing conditions for the crop, it is important to establish uniformity. This is done by avoiding large soil deficits and water stress periods, while maintaining optimal soil water content in the root zone. Water should therefore be distributed

Figure 2: An illustration of the field capacity of soil, using the sponge as reference.



evenly throughout the growing season.

DORMAS

GRIMME

PLANT GRIMME

UITHAAL GRIMME

PAK DORMAS

KONTAK ONS GERUS
 Hannes van Aarde
 082 559 8501
 hannes@dormas.co.za
 Kantoor 011 496 2800

YouTube
 Dormas Implements,
 Dormas Vegetable Handling


Ontwerp deur Plass Media RW0121

Permanent wilting point

When the sponge is squeezed, it reaches a point where it stops dripping. Although most of the water has been squeezed out of the sponge, it still feels slightly wet, which means a very small amount of water remains in the soil but is held so tightly, that it is not available to plants (Figure 3). This is referred to as the wilting point.

The pores are mainly filled with air and a very small amount of water. Depleting the soil to this point should be avoided, since potatoes are very drought sensitive and will experience stress, which may negatively impact the yield and quality.

Figure 3: An illustration of permanent wilting of soil, using the sponge as reference.




Soil type and soil reservoir

The amount of water soil can hold depends on the soil texture. Soil texture is the ratio of sand, silt and clay particles in soil. Soil type determines how many and how big the pores in the 'sponge' are, which in turn regulate how much water the sponge can hold. Generally, the finer the texture, the greater the water-holding capacity.

This means that clay-like soils can hold more water but drain slower than silty and sandy soils (with fewer and larger pores). Soil type therefore determines the field capacity, permanent wilting point and plant available water (PAW) of a soil (Figure 4).

This means that sands need more frequent irrigation, but with smaller amounts. Loamy and clay soils can be irrigated less frequently with larger amounts of water.

Figure 4: Plant available water, field capacity and permanent wilting point of various soil types.



The goal is to maintain the soil water content near field capacity. It is not necessary to wet the soil deeply because most of the daily heat transfer and storage occur within the top 30 cm. It is best to wet dry soils well in advance

of a frost event, so that the sun can warm up the soil. It is also very important not to irrigate the night before the cold is expected. Ample time needs to be allowed for the plants to dry off before the cold arrives. ☺

In the next issue of *CHIPS*, we will be summarising the negative effects of both over- and under-irrigation on yield and quality. For more information, contact Chantel du Raan at chantel@potatoes.co.za or Prof Martin Steyn at martin.steyn@up.co.za.

NEW TECHNOLOGY COMING SOON

LET'S FIGHT THE BLIGHT



THIS CHANGES EVERYTHING

Better disease management
for less stress

 [CortevaZA on Facebook](#)  [CortevaAME on Twitter](#)  [@Corteva on Instagram](#)

FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg. No. 1967/007147/07 • Paarl +27 (0) 21 860 3620 • Centurion +27 (0) 12 683 5700 Local Emergency No +27 (0) 82 895 0621 (SA only) • 24 Hour Emergency No +32 3 575 5555 • Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor, Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686, South Africa.

-  Tried and tested locally
-  NEW mode of action
-  Rainfast in 20min
-  3-4 Days more disease control
-  Protects new growth after application

Stuit Alfalfa-mosaïekvirus in sy spore

Deur Jamie Jansen van Vuuren: Douglas-streeksbestuurder, Aartappelsertifiseringsdiens

Alfalfa-mosaïekvirus (AMV) is seker een van die aartappelvirusse in Suid-Afrika waaraan die minste aandag gegee word. 'n Tipiese simptome wat met AMV verband hou, is die skouspelagtige *calico*-simptome wat as 'n heldergeel en -groen mosaïek manifesteer. Dit is waarom daar in die volksmond na AMV as die *calico*-virus verwys word.

Donkergroen 'eilande' en groen bande kan op die blare rondom die primêre en sekondêre are gesien word. Blaarnekrose en -vervorming kom gereeld voor – die blare is gekreukel en om die primêre aar gevou. Nekrose kan tot by die blaarstele strek, in welke geval die blare langs die stingels hang.

Volgens die Franse Navorsingsinstituut vir Landbou, Voedsel en die Omgewing (INRAE) se e-phytia-portaal vir plantgesondheidstoepassings (www.ephytia.inra.fr), kan nekrose reg onder die skil op knolle aan die stolon-ent begin, en dan na die hele knol versprei in die vorm van

kurkagtige letsels, soortgelyk aan dié wat deur die tabakratelvirus (TRV) en die aartappel-moptopvirus (PMTV) veroorsaak word. Hierdie nekrose kan tydens oestyd waargeneem word.

Oordrag van AMV

AMV word op 'n nie-blywende wyse (*non-persistent mode*) deur plantluise oorgedra, soortgelyk aan aartappelvirus Y (PVY). Dit is oordraagbaar deur aartappels, maar die algemene mening is dat die virus nie na die volgende geslag oorgedra word nie. Dit kan deur die ELISA-toets opgespoor word.

Die aartappel is nie 'n algemene gasheer vir hierdie virus nie, maar kan deur vatbare gewasse soos lusern en klawer vanaf aangrensende lande besmet word. Dit is waarom daar ook na AMV as lusernmosaïekvirus verwys word.

Die artikel, "A tuber-damaging strain of alfalfa mosaic virus" wat in Januarie 2017 op www.spudsmart.com gepubliseer is, verduidelik dat indien AMV by aartappels voorkom, dit normaalweg duidelike geel

vlekke op blare veroorsaak. Navorsers het egter nou 'n ongewone ras geïdentifiseer wat nekrose in knolle veroorsaak. Dit is die eerste AMV-ras wat in Kanada gevind is.

Navorsers kon met roetine-monstername in Kanada vasstel dat 'n ongewone AMV-ras nekrose en/of bruin, dooie kolle in die knolle veroorsaak. Die besmette knolle is in 2012 in 'n kommersiële aanplanting ontdek. Dié knolle is na dr. Xianzhou Nie, 'n navorser by die Fredericton-navorsingsentrum van die Kanadese departement van landbou en agri-voedsel, gestuur om die oorsaak van die simptome te bepaal. Ná verskeie toetse is daar gevind dat die letsels deur AMV veroorsaak is.

ASD stel ondersoek in

Na aanleiding van dié bevindings, het die Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) besluit om 'n informele (nie-statistiese) proef uit te voer, om te bepaal of AMV moontlik oordraagbaar is na dogterknolle, deur besmette knolle te plant. 'n



'n Tipiese AMV-simptome wat as 'n heldergeel en -groen mosaïek manifesteer. (Bron: www.gardening-knowhow.com)



Die lusernland (links) en geregistreerde moeraanplanting (regs) wat vir 'n informele proef deur ASD gebruik is.

Figuur 1: Besmette plante op die aartappelland wat op verskillende datums geïdentifiseer is.



Blok D, 6 Februarie 2020.



Blok D, 21 Februarie 2020.



Blok E, 6 Februarie 2020.



Blok E, 21 Februarie 2020.


Aartappelland wat direk langs 'n lusernland geleë is, is geïdentifiseer. Op 6 Februarie 2020 is 20 plante op Blok D en tien plante op Blok E – wat sigbare AMV-besmetting getoon het – geïdentifiseer, gemerk en genommer (Figuur 1).

Die simptome op die blare van duidelik besmette AMV-plante het oor die tydperk vanaf 6 tot 21 Februarie 2020 ligter geword, soos in *Figuur 1* gesien kan word. Dit is dus belangrik om dadelik te begin suiwer (*rouguing* in Engels) sodra die AMV-simptome waargeneem word, om te verhoed dat besmette plante wat later nie duidelik sigbaar is nie, misgekyk word.

Halmtellings van die besmette plante is op 21 Februarie 2020 gedoen, terwyl dié van die onbesmette naburige plante net voor loofafsterwe gedoen is. Beide die besmette en onbesmette plante se opbrengs is vóór monsterneming met vurke uitgehaal, om vir die teenwoordigheid van bakteriese verwelk te toets en om die persentasie besmetting met PVY en aartappelrolbladvirus (PLRV) te bepaal.

Die knolle van die opbrengste is in drie kategorieë gesorteer, getel en geweeg, naamlik té klein vir moere, moergrootte, en dié wat vir die tafemark geskik is. Geen nekrotiese letsels is op die knolle afkomstig van die AMV-besmette plante waargeneem nie.

Nadat knolle van die geïdentifiseerde plante deurgesny is, is waargeneem dat knolle van die AMV-besmette plante interne bruin-vlekletsels gehad het, terwyl geen letsels in die knolle van die onbesmette plante voorgekom het nie.



Opbrengs van 'n AMV-besmette plant.



Opbrengs van 'n onbesmette plant.




Deurgesnyde knolle van die AMV-besmette plante.




Deurgesnyde knolle van die onbesmette plante.


Figuur 2: Gemiddelde aantal knolle per plant.




Figuur 3: Gemiddelde knolgewig per plant.



Figuur 4: Gemiddelde opbrengs per halm.



Figuur 5: Totale gemiddelde opbrengs per plant.



Plante wat op 3 Maart 2021 reeds AMV-simptome getoon het.



AMV-besmette plante wat op 12 Maart op die proefperseel waargeneem is.

Die opbrengs van al die AMV-besmette plante van Blok D en E is saamgegroeper, en dié van die onbesmette plante van Blok D en E saam. In *Figure 2 tot 5* kan telkens gesien word dat die onbesmette plante se opbrengs hoër as dié van die AMV-besmette plante was.

Die moergroote-opbrengs (102 dogterknolle) van die AMV-besmette plante is op 2 Februarie 2021 saam met die Noord-Kaap Werksgroep se proef geplant.

Op 3 Maart 2021 het Leon Zietsman, sertifiseringsbeampte van ASD, die proefperseel besoek. Van die plante wat op daardie stadium opgekom het, het reeds AMV-simptome getoon.

Op 12 Maart 2021 is die proefperseel weer besoek. Van die 102 knolle wat opgekom het, het 53 knolle AMV-simptome getoon wat op sekondêre infeksie gedui het.

Die moere van die besmette plante is na 'n Plantovita-toetslaboratorium gestuur om 'n toetstegniek te ontwikkel vir die identifisering van AMV. Die res is deurgesny, en soos met die moere wat in 2020 geoes is, is interne bruinvlekletsels in die gesnyde moere waargeneem.

Samevatting

Die volgende moontlike gevolgtrekkings kan vanuit die resultate gemaak word:

- AMV is oordraagbaar na dogterknolle.
- AMV-besmetting het 'n negatiewe impak op opbrengs.

Dit is belangrik dat, sodra AMV-simptome op 'n aanplanting waargeneem word, suiwering (*rougieing*) so gou as moontlik gedoen moet word. Die besmette plante, tesame met die moere en enige knolle wat al ontwikkel het, moet uitgehaal en verwyder word om te keer dat dít wat oorbly, 'n bron van verdere besmetting word.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat dieselfde plantluis wat PVY oordra, ook AMV oordra. Plantluisbeheer moet vanuit die staanspoor



Interne bruinvlekletsels is in 'n aantal moere van besmette plante waargeneem.

van die aanplanting tot reg aan die einde toegepas word. Indien primêre AMV-simptome (seisoensbesmetting) in 'n aanplanting waargeneem word, dui dit op plantluis-aktiwiteit en moet plantluisbeheer dus opgeskerp word.

Die resultate is op 1 Junie 2021 aan die Nasionale Moerekomitee voorgehou. Daar is besluit dat, aangesien dit nie voorheen be-

kend was dat die virus na dogterknolle oorgedra kan word nie, en hierdie nie 'n statistiese proef was nie, Aartappels SA se navorsingskomitee versoek word dat die bevindings van hierdie proef, ondersoek moet word. Die versoek is goedgekeur en 'n 'uitnodiging vir voorstelle' is teen die einde van Oktober aan navorsingsinstansies gestuur. Die hoop is dat ASA se

navorsingskomitee 'n projek sal kan befonds om te ondersoek of AMV na dogterknolle oorgedra word wanneer AMV-besmette knolle geplant word. 📍

Vir meer inligting, kontak Sanette Thiert, besturende direkteur van ASD, by 060 716 2607 of epos sanette@potatocertification.co.za of besoek die webwerf by www.potatocertification.co.za.



MARKIES SOUND HERTHA

"FPD markets potato cultivars with characteristics that are in very high demand. Our cultivars develop a chain of advantages for all involved – from the farmer producing the potato to the final consumer."

CONTACT US:

Theuns 082 775 1787 • Morkel 079 884 9341
admin@fpd.co.za • www.fpd.co.za

AGENTS OF:



good chemistry



BARRIER 450 SC

DIE OPLOSSING VIR SWAMSIKTES OP AARTAPPELS EN TAMATIES

○ PRODUKBESKRYWING

'n Suspensiekonsentraat kontak- en sistemiese swamdoder vir die beheer van swamsiektes op aartappels en tamaties.

○ WAT MAAK BARRIER 450 SC EFFEKTIEF?

- Dit is beide 'n kontak- en sistemiese produk wat voorkomende- sowel as genesende siektebeheer bied
- Bevat twee aktiewe bestanddele met baie uiteenlopende metodes van werking om siektebeheer te verseker
- Bied 'n anti-weerstand strategie deur twee aktiewe bestanddele uit verskillende FRAC (*Fungicide Resistance Action Committee*) groepe te kombineer
- Is 'n oplosbare konsentraat vloeibare formulاسie wat veiliger en makliker vermenging verseker
- Bied 'n breë spektrum van siektebeheer - met spesifiek goeie beheer van *Alternaria spp*
- Dit is 'n blouband swamdoder (lae toksisiteit) wat 'n minimale impak op die omgewing, mens en dier verseker
- Is 'n ideale pasmaatproduk vir enige IPM (*Integrated Pest Management*) program

Barrier 450 SC Reg. Nr. L7604, Wet Nr. 36 van 1947

Bevat: Maneb (ditiokarbamaat), Prosimidoon (dikarboksimid), Sinkoksied. (VERSIGTIG)

AECI Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619

T: +27 11 823 8000 E: planthealth@aeciworld.com W: aeci.com



Die gebruik van grondorganismes as aanwysers van grondgesondheid

Deur dr Jacques van Zyl, Wes-Kaapse Departement van Landbou

Groundgesondheid is die vermoë van grond om as 'n noodsaaklike, lewensonderhoudende stelsel te dien – binne 'n bepaalde ekostelsel en grondgebruiksgrense – om plante en diere se produktiwiteit te ondersteun, water- en luggehalte te onderhou of te verbeter, en om plant- en dieregesondheid te bevorder.

Groeiende belangstelling in die evaluering van grondgesondheid spruit uit die verhoogde bewustheid dat grond 'n noodsaaklike komponent van die aarde se biosfeer is, en dat dit nie net 'n belangrike

rol by voedsel- en veselproduksie speel nie, maar ook 'n sentrale rol in die instandhouding van plaaslike, streeks- en wêreldomgewingsgehalte het.

Grond vorm die basis van alle natuurlike en landboukundige produksie, en bykans alle landgebaseerde lewe is daarom afhanklik van hierdie dun lagie wat die oppervlak van die aarde bedek. Opnames het bevind dat mensgeïnduseerde agteruitgang van grond op ongeveer 40% van die wêreld se landboukundige gebiede plaasvind as gevolg van gronderosie, atmosferiese besoedeling, oormatige grondbewerking,

oorbeweidings, versouting, en die uitbreiding van ariede gebiede.

Gesonde mikrobiologiese stelsel

